# Les 11 SLIM GELOWIGE OF DOM WETENSKAPLIKE? ONS WEET GOD IS ONS SKEPPER

Kom ons lees weer ŉ keer Genesis 1 vers 1, tot 2 vers 4.

## 1. God is bekend in die beste wetenskaplike kennis van elke tydperk

Dit is wat ons verlede keer geleer het: alles wat ons in Genesis 1 van God leer ken, is volgens die beste wetenskaplike inligting van die tyd waarin die mense van Genesis geleef het.

Hierdie wetenskaplike inligting oor hoe die aarde en die kosmos lyk, word meer met die jare, dit verander met die jare en partykeer ontdek ons dat al die vorige wetenskaplike inligting wat ons gehad het, verkeerd is.

## 2. God wil ons nie wetenskaplesse leer as Hy ons leer wie Hy is nie

In die Bybel gebeur daar iets wat in geen ander boek in die wêreld gebeur nie: God maak Homself bekend soos Hy werklik is.

Dit maak die Bybel die mees unieke boek wat ons het. Watter ander boek kan jy lees en daarin ontdek wie God regtig is?

Die Huisgenoot? Die Rapport? ŉ Skoolhandboek?

In geen ander boek in die wêreld kan so iets met ŉ mens gebeur as net in die Bybel nie: dat jy daarin ontdek wie God regtig is. God laat Homself net in die Bybel só ontdek en daarom is die Bybel so kosbaar.

God het nooit bedoel dat ŉ mens in die Bybel wetenskaplesse moet kry nie. Alles wat God ons in die beste wetenskaplike taal van die tyd waarin die dele van die Bybel geskryf is, laat weet, gaan oor God en hoe Hy ons regeer.

**Dit is dieselfde met geskiedeniskennis.**

God maak aan ons bekend wie Hy is met die beste geskiedenisfeite wat in daardie tyd vir die skrywers van die Bybel bekend was, nie om vir ons geskiedenislesse te leer nie. Hy wil ons leer wie God is en hoe Hy met Sy wêreld en mense besig is, in die beste geskiedeniskennis van die skrywer, maar ons leer nie geskiedenis nie. Ons leer wie God regtig is.

## 3. God is Skepper van alles en niks wat God gemaak het, is ŉ god nie

Wat laat God ons van Homself ontdek wat in geen ander boek ontdek kan word nie?

Kom ons kyk!

Wat belangrik is, is dat ons so min of meer sal weet wanneer Genesis 1 geskryf is. Dit is baie moeilik vir ons om seker te weet, want in daardie jare was daar nie regtig boeke soos ons vandag boeke ken nie: dit was maar stukkies riet wat aanmekaar geplak is, leervelle of klei waarop mense geskryf het. Daar was ook nie datums op die boeke nie en die skrywers het ook nie hulle name op die boeke geskryf nie.

Ons kan egter nie verkeerd wees as ons sê hierdie gedeelte is so om en by die jaar 1000 v.C. geskryf nie.

Dit is meer as drie duisend jaar gelede.

Drie duisend jaar gelede het God Homself in hierdie gedeelte, Genesis 1, laat ontdek soos op geen ander plek in die hele wêreld nie. Dit is nie oordryf nie, ons gaan dit bewys. Dit is feite!

**God het alles gemaak**

Drie duisend jaar gelede het God in Genesis 1 bekend gemaak dat Hy God is en dat Hy alles wat ons met ons oë kan sien en met ons hande aan kan vat, gemaak het.

Daarom gebruik die skrywer al die wetenskaplike kennis van daardie tyd en noem alles: lig en donker; die aarde en die hemel; die aarde en alle sterre in die hemelruim; water en lug; alles wat leef – visse, diere, mense en voëls – en orals waar hulle beweeg en bly – en sê alles is deur God gemaak.

**God het alles uit niks gemaak**

Hy vertel ons ook hoe God dit gemaak het: God het alles uit niks gemaak. Hy het net gesê en dan is alles wat Hy sê, daar. Daarom staan daar in Genesis 1: "En God het gesê". Hy het nie alles gemaak uit iets anders wat reeds daar was voor Hy as God begin het om alles te maak nie.

**God se krag is almagtig en wys**

God is so magtig dat Hy net sê wat moet gebeur, en dan gebeur dit. Alles wat Hy wil, gebeur – Hy het nie masjiene, mense, kernkragstasies of petrol nodig nie. Alles wat Hy wil, sê Hy net en dan is dit daar. En elke keer nadat God iets gemaak het, sê Hy dit is goed. Dit is ook so. In elke ding wat ons in die kosmos sien en ontdek, weet ons die Skepper wat hierdie ding gemaak het, is werklik wys en weet hoe om dinge goed te maak.

**Niks wat God gemaak het, is ’n god of het goddelike kragte nie**

Nou kom ons seker by die belangrikste punt wat die skrywer van Genesis 1 maak: God is God, Hy leef nie in die God wat Hy gemaak het nie en niks wat Hy gemaak het, kan ’n god wees of die krag van God bevat nie.

Dit is hoekom die wetenskaplike inligting oor hoe die hemel en aarde lyk, vir die skrywer só baie belangrik in hierdie gedeelte is.

Wat is lig en donker? Dit is lig en donker – niks anders nie!

Wat is sterre? Dit is sterre – niks anders nie!

Wat is plante? Dit is kos vir mense en diere – niks anders nie!

Wat is diere? Dit is diere – niks anders nie!

Wat is die aarde, die hemel en water? Dit is die aarde, die hemel en water – niks anders nie!

Niks van hierdie dinge wat God gemaak het, is ŉ god of het iets van God se krag binne-in dit nie.

**4. <u>Die enigste werklike ontdekking van God – 3000 jaar gelede</u>**

3000 jaar gelede was die Bybel die enigste boek wat só gesê het. Al die slim en geleerde wetenskaplikes het anders oor God geglo.

Die Egiptenare, wat die groot piramides gebou het en wat die slimste mense in hulle tyd was, het gedink die son is ŉ God en gedink dat daar in diere goddelike kragte is. Daarom sien julle al die mense met koppe van krokodille, seekoeie en aasvoëls op die mure van die piramides. Daardie slim mense het gedink dat die son ŉ god is en hulle koning is die son se seun en diere het kragte van God.

Was hulle die enigstes? Nee! Drie duisend jaar gelede het alle mense op aarde so geglo: ons voorouers in Europa het geglo bome en perde is gode. Die Sjinese, die Asteke en die Afrikane – almal het geglo lig, donker, diere, plante en mense is gode of het goddelike kragte.

Net op een klein plekkie in die hele wêreld het die kerk van die Here geglo: niks wat God gemaak het, is ŉ god of het goddelike kragte nie.

Was hulle dom wetenskaplikes om te glo God het alles gemaak; alles uit niks gemaak; alles wat God gemaak het, is goed; en niks van wat God gemaak het, is gode of het goddelike kragte nie?

Hulle was nie dom wetenskaplikes nie! Hulle was slim gelowiges! So slim gelowig dat hulle vandag nog reg is! En waar is al daardie magtige gode van die Egiptenare, die Sjinese en die Europeërs?

Hulle staan nou in Museums!

Hoe is God vandag nog bekend in die nuutste wetenskaplike kennis?

Hy is vandag nog bekend as die Skepper van alles, as die Skepper wat alles goed en wys gemaak het, as die Skepper wat almagtig is en as die enigste

een wat alles uit niks gemaak het. Vandag nog is dit waar dat niks wat God gemaak het, ŉ god kan wees of goddelike kragte in hulle het nie. Vandag is dit nog steeds waar dat die natuurkragte soos swaartekrag, nie ŉ god is nie, maar net iets wat God gemaak het.

**5. <u>Die enigste ware kennis van God – nog steeds</u>**

Die ontdekking van God in Genesis 1 is nog steeds die enigste ware kennis van God vandag.

**<u>God kan nie ontdek word in ander godsdienste nie</u>**

Die Hindoes is verkeerd as hulle glo daar is goddelike kragte in diere en plante. Die Afrikane is verkeerd as hulle glo dat daar goddelike kragte in plante en mense se liggaamsdele is, wat mens kan gebruik om mense te toor. Die Europeërs en Amerikaners is verkeerd as hulle glo dat kristalle uit die aarde lewensenergie het wat goddelik kan werk. Die Moslems het hulle kennis dat God die skepper van alles is en dat niks anders God is nie, uit Genesis 1 gekry. Die Boeddhiste is verkeerd as hulle glo daar is nie ŉ Skepper nie, maar dat alles maar sommer net daar is.

Die enigste manier waarop God ontdek kan word, is soos in Genesis 1: Hy het alles gemaak, alles goed gemaak en niks wat Hy gemaak het, is ŉ god of het goddelike kragte nie.

**<u>Slim of dom wetenskaplikes?</u>**

Is ŉ wetenskaplike wat hom so slim hou dat hy sê God het nie alles gemaak nie, slim of dom?

Onthou maar al die slim wetenskaplikes van die verlede! Die Egiptenare, wat so slim was dat hulle piramides gebou het, het gedink die son is ŉ god. Die Grieke, wat so slim was dat hulle al die kennis wat ons vandag het, al begin uitpluis het – het gedink mense is gode. Die Romeine wat al ons kennis van hoe die howe moet werk, al uitgedink het – het gedink daar is goddelike kragte in die lewertjies van hoenders.

Iemand wat glo hy is so slim dat hy weet dat God nie alles gemaak het nie, is ŉ ongelowige wetenskaplike. Hy is nie slimmer as die kerk nie, hy is dommer: God het alles gemaak, dit goed gemaak en niks wat Hy gemaak het, is gode nie.

Dit is die enigste manier hoe God ontdek kan word drie duisend jaar gelede, vandag en tot in al die duisende jare wat nog kom!

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het.

______________________________

Handtekening: ouer of voog